# Statistiek uit Winkerk 7

Instruksies om uit Winkerk 7 statistiek te kry en aan Ringe en Sinodes daaroor verslag te doen.

## Trek statistiek aan die begin van elke boekjaar

Verskillende sinodes en kerkverbande se boekjare begin op verskillende tye en daarom moet gemeentes seker maak wanneer hulle gemeente se boekjaar begin sodat die statistiek op daardie datum getrek kan word.

## Winkerk 7 se "Ringstatistiek"

Die Winkerk 7 se "Verslae" opsie bevat 'n keuse met die naam "Ringstatistiek". Aangesien hierdie verslag dikwels aanleiding gee tot verkeerde interpretasie, beveel ons aan dat gemeentes nie hierdie verslag druk nie. Ons sal die verslag ook binnekort verwyder uit die program uit, en dit vervang met 'n meer eenvoudige weergawe.

## Wat is die regte metode om jaarlikse Ringstatistiek te bepaal?

Die bepaling van Ringstatistiek vereis dat 'n mens op die begin van die boekjaar die statistiek moet trek. 'n Handige opsie is om op die "Vandag" skerm te kliek en die statistiek in gafiek formaat te kry.

**Let wel:** Die "Vandag" skerm se statistiek mag dalk verkeerd wees indien die gebruiker van Winkerk nie reg tewerk gegaan het met die toevoer van lidmate se "Bewysstatusse" nie. Kyk gerus na onderstaande skermgrepe as voorbeeld hiervan.

**Vandagskerm:**




As daar nou na die Verkyker (Filterskerm) gegaan word en die volgende seleksie gemaak word, sal die getalle ooreenstem met die vandagskerm.




Die resultaat word dan soos volg op die skerm vertoon.



| Van | Noemnaam | Lidmaatstatus | Bewysstatus |
|---|---|---|---|
| Ackerman | Nellie | Belydend | Ontvang |
| Allers | Ronél | Belydend | Ontvang |
| Basson | Belinda | Belydend | Ontvang |
| Basson | Philip | Belydend | Ontvang |
| Basson | Mollie | Belydend | Ontvang |
| Basson | Ora | Belydend | Ontvang |
| Bellingan | Marlene | Belydend | Aangevra |
| Bester | Joe | Belydend | Aangevra |
| Bester | Johan | Belydend | Ontvang |
| Bester | Tina | Belydend | Ontvang |
| Beyleveld | Elize | Belydend | Ontvang |
| Blignaut | Jennifer | Belydend | Aangevra |
| Blom | Sue | Belydend | Ontvang |
| Boshoff | Annchen | Belydend | Ontvang |

Filter aktief — Rekords = 273

Die getal 273 is egter nie vir die Ring 'n akkurate weergawe nie, aangesien 'n aantal van hierdie lidmate se bewyse van lidmaatskap as "Aangevra" of as "Nie-Aangevra" aangedui is, soos in bostaande skermgreep gesien kan word. Die regte seleksie wat by die Filterskerm gedoen moet word, is soos volg:




Wanneer bg. seleksie uitgevoer word, is daar slegs 188 lidmate op die tabel sigbaar.



| Van | Noemnaam | Lidmaatstatus | Bewysstatus |
|---|---|---|---|
| Abbott | Eddie | Belydend | Ontvang |
| Abbott | Henry | Belydend | Ontvang |
| Abbott | Wanda | Belydend | Ontvang |
| Ackerman | Nellie | Belydend | Ontvang |
| Allers | Ronél | Belydend | Ontvang |
| Basson | Belinda | Belydend | Ontvang |
| Basson | Philip | Belydend | Ontvang |
| Basson | Mollie | Belydend | Ontvang |
| Basson | Ora | Belydend | Ontvang |
| Bester | Johan | Belydend | Ontvang |
| Bester | Tina | Belydend | Ontvang |
| Beyleveld | Elize | Belydend | Ontvang |
| Blom | Sue | Belydend | Ontvang |
| Boshoff | Annchen | Belydend | Ontvang |



Dit is dan die akkurate getal "Belydende" lidmate wat "Vandag" in die gemeente is. Op dieselfde wyse as bo, kan dan ook gedoen word vir die dooplidmate. As hierdie prosedure nie aan die begin van die boekjaar gedoen word nie, word die proses heelwat meer kompleks omdat daar al beweging in die gemeente kon plaasgevind het, en dat die beweging tussen die verslagdatum en die begin van die boekjaar wel in berekening gebring moet word.

# Hoe om statistiek te trek deur die loop van die jaar.

Sou daar vir een of ander rede nie statistiek aan die begin van die jaar getrek gewees het nie, moet die volgende prosedure gevolg word om te bepaal hoeveel lidmate in die gemeente was op die begin van die boekjaar. In onderstaande tabel word 'n voorbeeld gegee van hoe 'n tipiese berekening daar sal uitsien.

In onderstaande voorbeeld was daar op **31/08/2014** **188** Belydende Lidmate.

Daar het sedert die begin van die boekjaar **01/04/2014** tot en met **31/08/2014** **1** lidmaat bygekom en **13** vertrek. Die som is dus: **188 – 1 = 187 + 13 = 200.** Dit beteken dus dat daar op **01/04/2014** **200** belydende lidmate was.

<table>
<tr>
<td>Stap 1</td>
<td>Aantal Belydende lidmate vandag (Bv. 31/08/2014)<br>

</td>
<td>188</td>
</tr>
<tr>
<td>Stap 2</td>
<td>Trek af: Lidmate wat sedert die begin die boekjaar tot vandag bygekom het.<br>

</td>
<td>188- 1<br>= 187</td>
</tr>
<tr>
<td>Stap 3</td>
<td>Tel by: Lidmate wat sedert die begin van die boekjaar tot vandag toe vertrek het. Om lidmate wat vertrek het te kry, moet daar na die Argief gegaan word, en die Filter ikoon daar gekliek word.<br>

</td>
<td>187+13<br>=200</td>
</tr>
</table>